Vraag&Antwoord


# Daleen Koch

## MBA-alumnus van Universiteit Stellenbosch Bestuurskool

**Koch, tans Antarktiese tegniese ingenieursbeampte by die Australiese Buro vir Meteorologie, het 'n navorsingstoekenning ontvang vir haar studie oor leierskap op afgeleë basisse in Antarktika.**

**Waaroor het jou navorsing gegaan?**
Ek is 'n ingenieur van beroep en was al op verskeie ekspedisies in Antarktika. Ek het besluit om na te vors wat Suid-Afrikaners verwag van leiers terwyl hulle deel is van die Antarktiese program op Gough- en Marion-eiland, asook die Sanae-navorsingstasie. Ek het 180 lede van multidissiplinêre spanne van tussen 25 en 61 jaar oud ondervra wat tussen 1961 en 2015 aan die oorwinter-ekspedisies deelgeneem het. Die deelnemers was wetenskaplikes, ingenieurs, medici, fisici, bioloë, geoloë en oseanograwe.

**Wat was jou belangrikste gevolgtrekkings?**
'n Doeltreffende basisleier in Antarktika het baie ooreenkomste met 'n leier in 'n tradisionele sake-omgewing en vereis dieselfde soort emosionele en sosiale intelligensie. Suksesvolle sendings vereis 'n positiewe groepsklimaat om aanpassing en konsensus te vergemaklik. Die persoon met die besluitnemende gesag is baie belangrik om botsings te verhinder. Spanlede verkies deelnemende besluitneming en wil insette lewer in besluite wat hulle regstreeks raak.



Daleen Koch

**Watter eienskappe het goeie basisleiers?**
Hulle moet deur hul voorbeeld lei, veral wat betref basispligte wat almal deel. Hulle moet sigbaar wees en belang stel in en respek hê vir die spesialiste se ervaring en menings. Belangrike eienskappe is die vermoë om ondanks stres kalm te bly, buigsaamheid, uithouvermoë, nood- en oorlewingsbevoegdheid. Hulle moet interpersoonlike botsings beter kan hanteer en weet hoe om niepresteerders te behartig.

**Hoe kan 'n mens dié lesse in die sakewêreld toepas?**
Werknemers by maatskappye in 'n herstruktureering-, finansiële of handelsnaamkrisis het dieselfde soort leiers nodig wat goed sou vaar as 'n basisleier in Antarktika. 'n Meer deelnemende leier kan die uitdagings in 'n stresvolle en onvergeeflike omgewing beter behartig. Dis in bepaalde noodgevalle beter as die leier steeds outonoom besluite mag neem. 'n Leier wat betroubaar is, konflik goed kan bestuur en gevorderde kommunikasievaardighede het, is die soort mens wat jy aan die stuur wil hê wanneer 'n organisasie onder druk verkeer.

Die BURGER - 2017/04/15